# Skryfvaardighede
## Soorte tekste

### Skryf ’n paragraaf of opstel

Enige suksesvolle **opstel** of **paragraaf** het ’n begin, ’n middel en ’n einde. Maak seker dat jy vooraf besluit hoe jy gaan begin, wat in die middel van jou skryfstuk gaan wees, asook hoe jy gaan eindig. Hier volg ’n lysie met verskillende tipes paragrawe of opstelle asook ’n voorbeeld by elkeen.

| Tipes opstelle of paragrawe | Wat jy moet onthou | Voorbeeld van ’n inleidingsin |
|---|---|---|
| Verhalend (*narrative*) | Skryf ’n storie. Gebruik ’n goeie begin en einde. | Ek het wakker geskrik met ’n harde geklop aan ons voordeur … |
| Beskrywend (*descriptive*) | Jy moet atmosfeer en stemming skep. Jy moet ’n prent met woorde skilder. | Die dag breek met geel-oranje linte lig wat my slaapkamer wakker maak. Ek strek my arms bo my kop soos ’n lui kat. |
| Argumenterend (*argumentative*) | Probeer die leser van ’n spesifieke standpunt oortuig. | Daar is geen twyfel dat kinders ’n produk van hul omstandighede is nie. |
| Beredenerend (*argumentative*) | Wees objektief en gee ’n gebalanseerde standpunt van beide kante van ’n argument. | Drie oorbelle in een oor, ’n neusdiamantjie, ’n naeltjiering … tieners is mal oor gaatjies in hulle lywe. Maar is dit so verkeerd? |
| Bespiegelend (*discursive*) | Gee idees, gedagtes en gevoelens. | Blou, blouer, blouste. Dis hoe Maandae lyk. Maak nie saak hoe hard ek probeer nie; dis net nooit my dag nie. |

**Wenke**

’n Verhalende en ’n beskrywende opstel is die maklikste opstelle om te skryf as jou woordeskat nie goed is nie. Maak egter seker dat jy daagliks aan jou woordeskat werk om te verseker dat jy ’n goeie opstel kan skryf.

1. Skryf ’n inleidingsin vir elk van die volgende paragrawe.

| Tipe paragraaf | Titel | My inleidingsinne |
|---|---|---|
| **Verhalend** | Sy woorde sal ek nooit vergeet nie. | a) |
| **Beskrywend** | My beste vakansie ooit. | b) |
| **Argumenterend** | Hou tog op met rook! | c) |
| **Beredenerend** | Tegnologie leer ons om beter te kommunikeer. | d) |
| **Bespiegelend** | Somer, die seisoen vir my … | e) |


© Oxford University Press Southern Africa

2. Voltooi die inleidingsinne vir elk van die opstelle. Gebruik die woordelys om jou te help.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| syfers | sakgeld | wenner | veg | park |
| skelm | verkeerd | platlê | staan saam | neus |
| geluister | polisie | vreugde | vriende | helikopter |
| tronke | blaffie | gesels | blink | |

| | |
|---|---|
| **Verhalend**<br>Ek moes liewer … | Ek moes liewer na my ma __________ het. Ek het gedink dat my __________ altyd daar sou wees vir my, maar ek was __________.<br>Ek het vir Thuli en Sollie in die __________ ontmoet. Ons het maklik met mekaar begin __________ en hulle het vir my vertel van 'n manier om maklik __________ te maak … |
| **Beskrywend**<br>My eerste troeteldier | Filla was nie soos enige ander troeteldier nie. Met sy __________ bruin oë en sy __________ stertjie, het hy my altyd soos 'n __________ laat voel. Sy opgewonde __________ wanneer die kosgeure sy baie sensitiewe __________ bereik het, was altyd 'n __________ om te aanskou … |
| **Argumenterend**<br>Ons kan die misdaadvyand wen! | Ons kan nie gaan __________ nie! Misdaad mag nie ons lewens oorneem nie. Hoe moeilik dit ookal mag wees, ons moet terug __________! Mense sê die misdaad __________ is te hoog, die __________ is oorwerk of korrup, die __________ is te vol; die regstelsel te ver agter skedule. Maar ek sê: Kom ons __________ en wys vir die __________ wie is baas en wie is klaas! |

3. Skryf 'n bespiegelende opstel van 180 – 210 woorde oor die volgende onderwerp: Hier is ek gelukkig …

_______________________________________________

_______________________________________________

_______________________________________________

_______________________________________________

_______________________________________________

_______________________________________________

_______________________________________________

_______________________________________________

_______________________________________________

### Wenke

- Dink versigtig oor die onderwerp. Wat was jou beste dag? Was dit toe jy jou beste vriend ontmoet het, toe jy volpunte vir jou toets gekry het, toe jy die tennisspan gemaak het?
- Maak seker dat jy al jou taalfoute regmaak.
- Maak seker dat jou woordorde, tye, negatiewe vorm en leestekens korrek gebruik is.

### Ken die woorde

luister – *listen*
verkeerd – *wrong*
gesels – *chat*
sakgeld – *pocket money*
blink – *shiny*
blaffie – *little bark*
vreugde – *joy*
onderwyser – *teacher*
eerste – *first*
belangrike dag – *important day*
lank gewag – *waited for long*
beste dag ooit – *best day ever*

© Oxford University Press Southern Africa